PERSVERKLARING VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

BRAND BREEK UIT BY HUIS OU MEULE (DROOM) IN RIVERSDAL

Net na middernag, op Vrydag, 12 Augustus 2022, het 'n brand uitgebreek by Huis Ou Meule, 'n tehuis in Riversdal waar 58 verswakte inwoners versorg word. Die tehuis is dadelik ontruim en die inwoners is na 'n saal verskuif waar hulle tydelik versorg word. Ses inwoners is in die hospitaal opgeneem, waarvan vier reeds ontslaan is, en een inwoner is oorlede. Die ontruiming is vinnig en effektief met die hulp van die Brandweer en die plaaslike gemeenskap uitgevoer. Dit het verdere sterftes en beserings van inwoners voorkom.

DROOM is 'n program van Badisa in Riversdal en bestaan uit twee eenhede, naamlik Huis Ou Meule en Huis Jan Lange, waar gesamentlik 101 ouer persone versorg word.

Die Bestuurder van die tehuis, Mnr Chris Veldsman, het bevestig dat die inwoners gemaklik ingerig is in die saal en dat hulle besig is om met hul diensverskaffer, Feedem, te reël dat die inwoners se etes by 'n plaaslike skool voorberei word. Die Beheerraad van die tehuis vergader vandag om verdere stappe vir die veiligheid en versorging van die inwoners te bespreek. Hy het ook aangedui dat hulle so gou moontlik die families van die betrokke inwoners gaan kontak en dat hulle verwag dat van die inwoners deur hul families afgehaal sal word.

Daar is ook tien vakante beddens by Huis Jan Lange waar van die inwoners opgeneem sal word. Ander Badisa tehuise in die omliggende dorpe is gereed om hulp en ondersteuning aan DROOM te verskaf deur die beskikbaarstelling van personeel, toerusting en die moontlike opname van inwoners. Hierdie reëlings sal deur die dag finaliseer word.

Die Bestuurder het sy dank teenoor die gemeenskap en die Brandweer uitgespreek vir hul uitstaande diens om die situasie te hanteer. Die Bestuurder, die Beheerrraad en Badisa se Bestuur betuig hul innige meegevoel met die familie van die inwoner wat oorlede is. Alle moontlike ondersteuning sal aan die familie gegee word.

Die oorsaak van die brand word nog deur die brandweer ondersoek.

Vir verdere navrae kan die Bestuurder, Mnr Chris Veldsman by 083 994 9248 gekontak word.

EINDE